Maandbrief

Maart 2010

Liewe gemeente

In Jesaja 38 lees ons dat God vir Hiskia 'n tweede kans gee. Toe Jesaja op 'n dag die slegte nuus aan hom oorgedra het dat hy binnekort sou sterf, het hy neergeval en by God om genade gesmeek waarna God sy hulpgeroep aan gehoor het. In die doodsnikke van sy lewe gee God hom nog 15 jaar ekstra. Pleks dat God se goedheid Hiskia baie nederig gemaak het, het hy teenoor 'n buitelandse afvaardiging openlik gespog oor sy rykdom en mag. Trouens, hy het hierdie afvaardiging op 'n besigtigingstoer deur sy paleis se skatte en wapens geneem om hulle te laat verstaan hoe groot en glorieryk sy heerskappy is.

Hiskia se arrogante optrede het die Here so ontstel dat Hy aankondig dat sy koningskap tot 'n einde sou kom en dat sy seuns nie in sy plek sou heers nie. Hiskia se reaksie was: "so lank dit net nie in my eie leeftyd gebeur nie". Is dit nie hoe baie mense se reaksie is nie. Dit is ok as ander swaarkry. Dit is ok as ander probleme het, solank hierdie dinge nie oor my pad kom nie. Nee, kom ons wees nederig, want wat jy het, wat jy is, is genade uit God se hand. Maak volop ruimte vir ander, ook vir jou medemens. Moenie die beste deel vir jouself toe-eien nie. Leef nederig en gee God al die eer.

God bless

Past. Leon

Advertensies:

Stuur gerus jou advertensie aan: mariskavr@telkomsa.net as jy gratis in ons Maandbrief wil adverteer. So help ons mekaar in die gemeente.

MPV BOEDELDIENSTE

MPV Boedeldienste is gestig om eksekuteurs wat nie oor beredderingservaring beskik nie, teen 'n drasties verminderde tarief by te staan in die bereddering van boedels waarin hulle as eksekuteurs benoem is.
Die drie vennote het gesamentlike meer as 'n eeu ervaring van boedelbereddering en beveel aan dat testateure die langslewende of 'n kind as eksekuteur in hul testamente benoem om sodoende by oorlye aansienlike besparings te kan geniet.
Benewens die besparing van tot 50% op eksekuteursloon (afhangende van die bruto bates van die boedel) is daar ook verdere koste- en beredderingstermyn besparings.
Al die besparings is vir voordeel van die erfgename.
Om meer inligting te bekom skakel, sonder enige verpligting, een van die volgende vennote van MPV Boedeldienste:

SAKKIE PIETERS: Tel: 021 913 5655 Sel: 082 290 8187 sakkie@mpvboedels.co.za
KOOS VAN ZYL: Tel: 021 975 1375 Sel: 084 268 9663 koos@mpvboedels.co.za

Besoek ons nuwe webtuiste:
www.mpvboedels.co.za

D J Projects & Maintenance

Tel: 021 988 4052 / Cell: 071 675 9865 / dawie@axxess.co.za

I specialize in the following fields: Building Alterations and Maintenance

1. Painting
2. Plumbing
3. Plastering
4. Roofs and Trusses
5. Ceilings and Scheming
6. Paving
7. Tiling
8. Hanging of Doors
9. Maintenance and Building
10. House Cleaning
11. Skirting - Boards
12. Roof and Gutter Cleaning

Kids Party Hire

Tafels, Stoele en tema dekor
Alles wat jy nodig het vir 'n kinderpartytjie
Tel: 021 981 0844
Website: www.mjhire.co.za

Wedding & Party Hire



Tafeldoeke, overlays en kandelare
Tel: 021 981 0844
Website: www.mjhire.co.za

BOEKTAFEL:

Let asb. daarop dat ons boektafel van nou af een keer per maand aan die gang sal wees. Elke tweede Sondag van die maand (dis nou die Sondag wat volg op die Nagmaal-Sondag). Hierdie maand se datum vir die boektafel sal die 14de Maart wees.

Ons t-hemde gaan ook op die boektafel beskikbaar wees, so kom kyk gerus daardie Sondag wat tans op die tafel is.

KOFFIE EN TEE:

In vandag se gejaagde lewe moet 'n mens tyd maak vir ander, tyd om net lekker te gesels en kuier. Almal word dus hartlik uitgenooi om op Sondag, 14 Maart na afloop van die oggend-diens agter te bly vir 'n lekker koppie tee, koffie of sap.

14 Maart

Dagboek:

Maart 2010

Vrydag, 7 Maart	Nagmaal	
Sondag, 14 Maart	Koffie en tee na die oggenddiens	
	Boektafel	

Lofprysing en aanbidding

As kind van God is lof en aanbidding seker een van die mees wonderlikste dinge om te doen. `n Mens kan dit doen net waar jy is en op enige manier wat jy wil. Ek is daarvan oortuig dat almal soms net daardie gevoel kry om jou gunsteling cd of dvd aan te sit en die klank se volume so hoog moontlik te draai en te stop net voor die luidsprekers sal blaas. Dan sing jy net lekker saam en prys Hom. Myne is gereeld kliphard as ek alleen is. En dan op `n ander dag soek ons net rustigheid met `n geweide atmosfeer en dan voel ons om net bietjie Hom te prys en aanbid nie omdat ons moet nie, maar omdat Hy so goed is en ons nie anders kan nie.

As ons in die Bybel kyk is daar soveel verhale van mense wat die Here aanbid het en geloof het en elke keer dan het hulle verkwik geraak. Psalm 98:1-9 is vir my so pragtig en dit sê vir ons almal om die Here meer te loof as ooit tevore.

Past. Quintin

Onthou jou vriendin.
Sy is kosbaar,
laat haar so voel.

Pastoor Leon van Rensburg
☎ 021 981 0844
072 782 7508
www.ags-ligenlewe.com
pastoorleon@telkomsa.net
✉ Posbus 122, Brackenfell, 7561